

# Leesbegrip in die junior grade

Om met begrip te kan lees is seker die belangrikste vaardigheid waarmee ons ons leerders kan toerus. Grade 8 en 9 is die ideale tyd om te slyp aan hierdie vaardigheid, al voel baie onderwysers magteloos as dit kom by die onderrig van hierdie vaardigheid.

Betsie Klopper is 'n leesstrategie-spesialis en sy deel haar kundigheid met ons. Daarna volg twee voorbeelde deur Annette van der Merwe van die Hoërskool Sentraal op Beaufort-Wes en Mari Blom van die Hoërskool Jan van Riebeeck.

## ALGEMENE MITES OOR LEESBEGRIP

**Deur:** Betsie Klopper

Sak jou moed in jou skoene wanneer jy oor leesbegrip, of eerder die gebrek daaraan, dink? Daar is 'n paar mites oor hierdie onderwerp wat dikwels deel vorm van die mondering van die meeste hoërskoolonderwysers en dalk het dit tyd geword dat ons die waarheid in die gesig staar.

### Mite #1:

**Leesbegrip kan nie onderrig word nie.**

Sit jy met 'n klomp kinders in jou klas wat nie met begrip kan lees nie en voel jy magteloos omdat jy hierdie mite glo? Dit is waarskynlik een van die grootste sondebokke in hierdie verband en die rede is eenvoudig: tradisioneel (en tot vandag nog) word hoërskoolonderwysers nie voldoende opgelei om leerders met leesprobleme te ondersteun nie; leesonderrig is immers die werk van 'n grondslagfase-onderwyser. Die persepsie bestaan dat wanneer 'n kind die hoërskool tref, hy reeds met begrip moet kan lees. Jy sal egter met my saamstem dat ons op 'n daaglikse basis met 'n werklike probleem gekonfronteer word en ons kinders ly onder die gebrek aan kennis van die hoërskoolonderwyser in hierdie verband. Dit is niemand se skuld nie en tog voel ons verantwoordelik, want as onderwysers is dit ons plig om seker te maak dat die kinders hul graad, en op die ou end Matriek, deurkom. Leesbegrip kan onderrig word; onderwysers moet net leer hoe.

### Mite #2:

**Leesbegrip is iets wat vanself moet ontwikkel.**

Vir 'n klein persentasie van die mensdom is hierdie stelling waar; heel moontlik van jou ook, maar vir 'n baie groot gedeelte van ons land se kinders is dit ongelukkig nie waar nie en hulle het dringend hulp nodig.

## Mite #3:

**As jy van kleins af gesukkel het met begrip, sal jy altyd daarmee sukkel en daar is niks wat jy daaraan kan doen nie.**

Dit gebeur dikwels dat ons hierdie etiket om leerders se nekke hang. Dit is egter nie die waarheid nie. Enigiemand wat met begrip sukkel, kan gehelp word mits die persoon wat die hulp moet verleen, die nodige kennis oor die onderwerp het.

## Mite #4:

**Betekenis lê slegs in die teks opgesluit.**

In 'n mate is hierdie stelling waar, maar dit is ook onwaar. Sonder die woorde kan betekenis nie gevorm word nie, maar die woorde beteken niks as dit nie gelees word nie. Die twee het mekaar nodig. Die leser beskik oor 'n sekere hoeveelheid agtergrondkennis (selfs al is dit net basiese woordeskat) en hy gebruik dit om betekenis aan die woorde te gee. Betekenis is iets wat deur die leser opgebou word deur van 'n teks gebruik te maak en dit lei tot begrip. Die volgende aanhaling deur Catherine Snow (2002) beskryf dit akkuraat: "...meaning does not exist in text, but rather must be actively constructed ..."

Die fasilitering van hierdie proses is die verantwoordelikheid van die onderwyser, ongeag die graad van die leerder.

## Mite #5:

**Die enigste manier om leesbegrip te toets is deur middel van 'n begripstoets.**

Alhoewel die kurrikulum vereis dat leesbegrip op hierdie manier getoets word, en die feit dat dit deur die dekades heen die manier is waarop dit gedoen word, is daar vele ander maniere om leesbegrip tydens onderrig te toets. Ek weet jy dink waarskynlik: "Waar op dees aarde moet ons tyd hiervoor kry?" Die realiteit is dat daar nie tyd is nie, maar dit is nodig.

## Hoe nou gemaak?

Elke mens het slegs 'n sekere hoeveelheid energie beskikbaar vir die volledige leesproses. Wanneer leerders sukkel met die ontsyfering van woorde (dekodering), gebruik hulle groot hoeveelhede van hierdie beskikbare energie (bv. 80%) daarvoor. Dit veroorsaak dat daar baie min energie oor is vir die konstruksie van begrip (20%). Die ideaal is dat die leerder 'n baie klein persentasie van hierdie energie gebruik vir dekodering (vlotheid) sodat daar meer energie beskikbaar is vir die konstruksie van begrip. In eenvoudige terme – hoe vlotter die leerder lees, hoe groter is die kans vir konstruksie van begrip. Vlotheid is dus belangrik, máár dit is nié die enigste gedeelte van lees wat onderrig of geoefen kan word nie.

## Leesbegrip onderrig

Een van die grootste probleme by sukkelende lesers is dat hulle nie bewustelik weet wanneer hul nie meer verstaan nie. Hulle stop dus nie om hul begrip te herstel nie en lees deur die hele teks sonder begrip. 'n Goeie leser is voortdurend bewus van sy eie begrip (metakognitiewe bewustheid) en wanneer

## Graad 8-9 HT

hy nie meer verstaan nie, stop hy en doen iets daaraan (gebruik 'n strategie) voor hy verder lees. Hy kan dus sy leesproses beheer. Hierdie strategieë staan bekend as leesstrategieë of metakognitiewe strategieë (soos in die KABV voorgeskryf).

### Wat is 'n leesstrategie?

Die betekenis van die woord "strategie" word soos volg in die HAT (2005) weergegee: "Die wyse waarop 'n mens volgens beplanning jou doel gaan bereik." 'n Leesstrategie is dus 'n plan van aksie wat deur goeie lesers gebruik word om tydens die leesproses betekenis uit die teks te bou.

**Tabel 1: Leesstrategieë wat as suksesvol beskou word**

<b>Strategie</b>	<b>Beskrywing</b>
1. Doelstelling	Stel 'n definitiewe doelwit vir die leesaktiwiteit en kontroleer gedurig of die doelwit bereik word of nie.
2. Vluglees	Vorm 'n idee van die teks voordat daar gelees word deur na titels, tekseienskappe, afdelings, prente en illustrasies te kyk.
3. Aktiveer skema	Roep die agtergrondkennis oor die onderwerp, skrywer, genre en teksstruktuur op.
4. Voorspel	Maak voorspellings oor die teks wat voortdurend bygewerk word tydens die leesproses om te voorspel wat volgende gaan gebeur en te toets of vorige voorspellings akkuraat was.
5. Monitor eie begrip	Bewustheid van betekenis. Bewuste aktivering van strategieë wat die leser in staat stel om betekenis af te lei en/of woorde, frases of sinne te ontsyfer.
6. Stel vrae	Verhelder begrip deur vrae oor die teks asook die skrywer se bedoeling te vra.
7. Visualiseer	Konstrueer betekenis uit die teks deur visuele beelde in die gedagtes te vorm.
8. Kyk terug, herlees en herstel	Voortdurende refleksie voor, tydens en nadat daar gelees is om sodoende betekenis te konstrueer.
9. Maak afleidings	Verbind idees in die teks met persoonlike ervarings, kennis van ander tekste en/of algemene kennis en maak afleidings wat help met die konstruksie van betekenis.
10. Lê verbande	Verbind idees en gebeure in die teks met 'n bekende ervaring, gebeurtenis of kennis in die leser se skema.
11. Som op en maak gevolgtrekkings	Identifisering van hoofgedagtes en/of kerngedeeltes in die teks.
12. Evalueer	Benader 'n feitelike teks met die verwagting om van meet af aan die tekseienskappe, soos byvoorbeeld probleme en oplossings, raak te sien en daaraan aandag te gee.
13. Sintetiseer	Kyk na informatiewe tekste se eienskappe, unieke inligting, volgorde van detail en gevolgtrekkings as geheel en kombineer dit om betekenis te konstrueer.

**Leesfases**


Jy is waarskynlik reeds bekend met die leesfases, naamlik: voor die dekodeeringsproses (lees van woorde), tydens die dekodeeringsproses, sowel as daarna. Die onderstaande tabel is 'n aanduiding van die strategieë soos dit gewoonlik in die verskillende leesfases gebruik word.

Voor	Tydens	Na
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Doelstelling</li> <li>• Vluglees</li> <li>• Aktiveer skema</li> <li>• Voorspelling</li> <li>• Lê verbande</li> <li>• Vraagstelling</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Aktiveer skema</li> <li>• Monitor begrip</li> <li>• Voorspelling</li> <li>• Dink oor die skrywer en sy bedoeling met die teks</li> <li>• Maak afleidings</li> <li>• Lê verbande</li> <li>• Visualisering</li> <li>• Vraagstelling</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Dink na oor die skrywer en sy doel met die teks</li> <li>• Evaluering</li> <li>• Vraagstelling</li> <li>• Sintetisering</li> <li>• Opsommings</li> <li>• Gevolgtrekkings</li> </ul>

**Hoe word leesstrategieë onderrig?**

Voordat sinvolle leesstrategie-onderrig kan plaasvind, is dit belangrik dat leerders die konsep van metakognisie verstaan. Waarom is dit so belangrik? Dit is wel 'n moeilike konsep, maar indien hulle dit nie verstaan nie, word strategie-onderrig bloot nog 'n aktiwiteit en leerders (en onderwysers) ervaar nie die nut daarvan nie.

Enige leerder is daartoe in staat om te dink. Sodra hulle bewus gemaak word van hul denke tydens die leesproses (hoe gering ook al) is die moontlikheid om daaraan te werk daar. 'n Bewustheid van denkprosesse terwyl jy lees, skep dus die geleentheid vir ontwikkeling. Hier onder is 'n visuele voorstelling van metakognisie tydens die leesproses en dit kan gebruik word om aan leerders te verduidelik hoe die leesproses veronderstel is om te werk.



Aan die een kant het ons die teks en aan die ander kant het ons die leser se denke. Dit gebeur dikwels dat ons aan ander goed dink terwyl ons lees. Wanneer dit gebeur, beteken die woorde niks. Wanneer ons egter aktief dink oor die woorde wat ons lees, kan ons betekenis bou. Wanneer ons bewus word van

## Graad 8-9 HT

hierdie denkprosesse, kan ons daaraan werk om dit beter te maak, bv. om beter vrae te vra of beter voorspellings te maak.

### 'n Onderrigmodel

'n Algemene onderrigmodel wat vir begrip onderrig gebruik word, is die **transaksionele model**. Dit bestaan uit die volgende komponente:

- **Verduideliking** van die leesstrategie waarop gefokus gaan word, asook hoe dit gebruik moet word.
- **Modellering** van die strategie deur die onderwyser. Dit word gedoen deur hardop te "dink" voor die klas.
- **Leerders oefen** op verskeie maniere, met die hulp van die onderwyser, om die strategie te gebruik. Soos die leerder die strategie onafhanklik begin gebruik, skuif die verantwoordelikheid geleidelik van die onderwyser na die leerder (Leerders kan hier gevra word om hul gebruik van die strategie te modelleer).
- \* Verskaf voorbeelde van waar die strategie kan help.
- \* Verskaf inligting oor wanneer en waar die strategie toegepas kan word. Noem die positiewe aspekte van strategiegebruik (bv. dit help om betrokke te wees by die teks).
- \* Gebruik verskillende oefeninge om die strategie in te oefen.
- \* Maak seker dat die leerders weet dat hulle gedagtes en idees belangrik is.
- Leerders gebruik die fokusstrategie **onafhanklik** in 'n verskeidenheid van kontekste.

Een van die mees opvallende kenmerke van 'n klaskamer waar hierdie tipe onderrig plaasvind, is dat daar stimulerende gesprekke oor gelese werk plaasvind. Dit sluit gesprekke in waarin leerders voorspellings maak oor wat volgende gaan gebeur, praat oor gedeeltes wat moontlik verwarrend kan wees en beplan hoe om dit te oorkom. Dit skep 'n forum waar verskille in interpretasie aanvaar word. Transaksionele strategie-onderrig handel dus oor die ontwikkeling van selfregulerende lesers wat op hul eie, aktief, die begripstrategieë van uitstekende lesers gebruik.

Mag hierdie uitdagende taak vir jou 'n plesier en 'n passie word!

